## 8 Desember Job 28:1-28

### *Die bron van wysheid en insig*

Job het in sy woordestryd met sy vriende gevra: "Maar die wysheid, waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig?"

Lank vóór die kennis-ontploffing van die 20e eeu verwys Job na die mens se werk. "Daar is 'n plek waar silwer uitgehaal word, 'n plek waar goud gesmelt word. Yster word uit die grond gehaal en koper word uit erts gesmelt. Die mens maak 'n einde aan die donker, hy soek erts in die diepste plekke, in die donkerste hoeke...

Die mens bewerk die harde rots met sy hande, hy keer die dieptes van die berge om, hy grawe gange deur die rots, sy oog sien al die skatte, hy stop waterare toe en bring verborge dinge aan die lig (verse 1-3; 9-11).

Maar al hierdie wetenskap en tegniek gee nog nie 'n antwoord oor die bron van kennis en insig nie.

Dit is ook nie in die natuur te vind nie. Nie in diep waters nie. Nie in die see nie. Geen roofvoël ken daardie pad nie, die oog van 'n valk kan dit nie sien nie, roofdiere loop nie daar nie, die leeu gaan nie daarlangs nie.

Uiteindelik vind hy die antwoord: "Net God weet hoe die pad daarheen loop, net Hy ken die woonplek van die wysheid..."

En Hy het vir die mens gesê: "Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig".

Dien dan die Drie-enige God van u doop met u hele hart uit dankbaarheid vir sy verlossingsplan deur Jesus Christus.

Sing: Psalm 111:5 Ds. FJ. du T. Lessing (Nelspruit)